


Die kosbare geskenk

'n Toneelstuk gebaseer op 'n verhaal deur Peta Jones. Verwerk deur Patricia Hall.

Karakters

Chipo die donkie (2 kinders)
Thabo
Thabo se pa
Thabo se ma
Sally
Phineas
Lerato
Skoolkinders (2 of meer kinders)
Leser



Bedryf 1: In Thabo se huis. Ma sit en doen naaldwerk.

Thabo: Mamma, Mamma, Lindi se babatjie het gekom.

Ma: O Thabo, dis wonderlike nuus. Weet jy wat mens 'n baba donkie noem?

Thabo: Ja Mamma, dis 'n vulletjie. Ek gaan hom Chipo noem.

(Pa kom binne.)

Pa: Weet jy Thabo, daardie vulletjie is baie waardevol. Eendag gaan hy hard werk vir jou, maar dan sal jy ook hard moet werk om hom op te pas sodat hy 'n sterk en gesonde donkie kan word.

Thabo: Wat moet 'n mens doen Pa?

Pa: Jy moet sy hoewe gereeld skoonmaak en vyl.

Thabo: Oe! Dit klink darem baie seer!

Pa: Ek sal jou wys hoe om dit te doen sodat Chipo nie seerkry nie. Jy moet hom elke dag borsel en seker maak dat hy altyd vars water het.

Thabo: Ek kan dit doen; ek is mos sterk.

Pa: Sy oë moet ook afgevee word as daar baie stof en vlieë is. Wat dink jy Thabo, sal jy dit alles kan baasraak?

Thabo: Ek sal Pa, ek belowe.

(Thabo, Pa en Ma gaan af.)

Leser: Thabo hou van Chipso se sagte pels en ook van die fluweelagtige vel rondom sy bek. Thabo hou stukkies kos in sy plat hand en voer vir Chipso. Chipso neem dit met sy sagte lippe uit Thabo se hand. Gou begin Chipso hard bask om Thabo te groet sodra hy hom sien aankom.

Bedryf 2: *Buite (voor die gordyn indien die spel op 'n verhoog plaasvind)*

(Thabo en Pa kom op.)

Thabo: Pa, mag ek en my vriende op Chipso ry?

Pa: Nee my seun. Chipso is nog veels te jonk om swaar goed te dra. As hy nou al hard moet werk, sal sy bene knak en dan sal hy vir die res van sy lewe pyn hê. As Chipso goed versorg word, kan hy eendag 50 jaar oud word. Dis selfs ouer as wat ek nou is.

Thabo: Sjoue! Dis omtrent oud!

(Thabo en Pa gaan af.)

Leser: Wanneer Chipso vier jaar oud en volwasse is, help hy sy ma om Thabo se pa se karretjie te trek. Chipso help ook om Thabo se ma se lande te ploeg. Uiteindelik breek die dag aan dat Thabo met sy swaar boeke op Chipso se karretjie skool toe mag ry.

Bedryf 3: *Op die skool se speelgrond spring die kinders toe en hulle gooi 'n bal.*

(Thabo arriveer. Kinders hou op met speel.)

Lerato: Waar was jy, Thabo?

Thabo: Ek het vir Chipso, my donkie, water gegee.

Sally: Haai, dis darem snaaks om met so 'n stadige dier skool toe te kom. My pa bring my in sy lekker vinnige motor. Ek kan selfs na die radio luister in die motor.

Kinders: Ons ry skool toe in 'n taxi...

Lerato: Ja, en ons luister ook na musiek.

Phineas: My fiets is mooi en blink en bly net daar waar ek hom neersit. Hy hoef nie gras te kry nie.

(Kinders gaan af.)

Leser: Die kinders het nooit opgelet dat Thabo vir Chipso geleer het om hom elke dag op dieselfde tyd by die skool te kom haal nie. Thabo het nooit nodig gehad om vir sy vervoer te wag soos party van die ander kinders nie.

Bedryf 4: *Thabo ry op Chipso en kom by Sally verby wat langs die pad stap met haar swaar boeke.*

Thabo: Haai Sally. Waar is jou Pa se kar?

Sally: Die kar se petrol is op.

Thabo: Nou toe, jy kan saam met my op Chipso ry.

Sally: Ek is bang. Sal ek nie seerkry nie?

Thabo: Jy sal niks oorkom nie, klim maar op. Chipso is baie sterk.

(Sally klim op.)

Sally: Oe dis lekker! Ek kan nie wag om vir my maats te vertel nie. Kyk Thabo, daar is Phineas.

(Phineas kom.)

Thabo: Hoekom loop jy Phineas?

Phineas: My fiets se wiel is pap! As ek so probeer ry, sal die wiel breek.

Thabo: Spring maar op broer.

Phineas: Dankie Thabo. Daar's jou Pa. (Phineas probeer om op Chipso te klim.)

(Pa kom op.)

Pa: Haai! Wag, wag! Drie kinders en al daardie boeke is te veel vir een donkie!

As die vrag te swaar is, kan jy Chipso se rug seermaak. Die ander kinders moet self hulle eie donkies kry.

(Almal gaan af.)

Leser: Phineas sukkel ure lank om sy fiets reg te maak. Hy moet dit dikwels doen, want die rowwe paaie maak sy bande keer op keer pap, met die gevolg dat hy dikwels laat by die skool opdaag.

Eendag daag baie kinders laat by die skool op. Hulle ry altyd met die taxi. Die skoolhoof is baie bekommerd. Hy bel en hoor dat die taxi in 'n botsing betrokke was, maar gelukkig het niemand seergekry nie.

Bedryf 5: Thabo se huis. Ma sit. Thabo en Pa kom op.

Thabo: Ek hoef tog nooit bekommerd te wees dat Chipso in 'n ongeluk sal wees nie.

Pa: So lank hy net nie op die hoofpaaie kom nie.

Thabo: Pa, ek het 'n plan. Pa kan mos taxibestuurder word vir die skoolkinders en die donkiekar as 'n taxi gebruik.

Pa: Dis 'n goeie idee Thabo, maar ek dink ek sal my tweewiel wa vir 'n vierwiel wa moet ruil. Op hierdie manier kan ek meer kinders oplaai en dit sal makliker wees vir die donkies om die kar te trek.

Ma: Thabo, jy en jou maats sal vir my plastieksakke moet bymekaarmaak.

Thabo: Hoekom Ma?

Ma: Ek sal hulle vleg om lekker sagte tuie vir die donkies te maak, sodat hulle velle nie so hard skuur teen die juk en begin bloei nie.

Leser: Al die kinders hou van die nuwe taxi. Hulle is lief vir die donkies wat altyd so saggeaard en hardwerkend is. Soms help die kinders vir Thabo en sy pa om donkiemis op die landerye te strooi. So spaar Thabo se pa geld en kry goeie oeste. Hulle stem almal saam dat Chipso 'n baie spesiale geskenk aan Thabo was.